RAPPORT, Weekliks
03 Mar 2013, p.8

PLASTIEK

Herwinning vir rolstoele

Die polistireen-verpakkingsraad (PSPC) se uiters suksesvolle Bread Tags for Wheelchairs-projek het reeds honderde lewens oor die land heen geraak.

Die projek word al vyf jaar bedryf en moedig mense oor die land heen aan om die knippies waarmee broodsakkies toegebind word bymekaar te maak. Dit word gebruik om rolstoele te "koop" vir mense wat as gevolg van finansiële tekortkominge nie kan bekostig om R1 485 vir 'n standaard-rolstoel te betaal nie.

Dié plastiekknippies word van hoëdigtheid-polistireen gemaak. Industrieleiers soos Groplast en MFI Mouldings betaal vir hierdie knippies wat herwin word om saailinglaaie, kroonlyste, vloerlyste, buitemeubels, klerehangers, pale en houtdekke te vervaardig.

"Ons wil nie hê die knippies moet op rommelhope gegooi word nie omdat dit so 'n goeie herwinningsmarkwaarde het nie," sê Adri Spangenberg, 'n direkteur van PSPC.

"Fabrieke wat herwonne produkte gebruik om polistireen en ander artikels van plastiek te vervaardig, gebruik minder energie. Dit lei tot 'n skoner, groener en gesonder omgewing," sê sy.

Die PSPC het 'n netwerk vrywilligers bestaande uit onderwysers, leerlinge, kerke en individue wat ywerig knippies versamel om 'n verandering in minderbevoorregte mense se lewe te maak.

Verlede jaar is 330 rolstoele oorhandig te danke aan die sukses van hierdie projek.

Spangenberg sê: "Ons het meer as 500 versamelpunte by skole, aftree-oorde, biblioteke, gemeenskapsentrums en sake-ondernemings oor Suid-Afrika heen.

"Verlede jaar het Mary Honeybun, een van ons koördineerders in Kaapstad, geld vir 290 rolstoele ingesamel. Sy het 'n indrukwekkende 5 t knippies bymekaar gekry."

Nog onlangse hoogtepunte sluit in die aanbieding van die eerste interskole-kompetisie.

Deelnemende skole in die Hartbeespoortdam-omgewing het 170 kg knippies ingesamel en daardeur vier rolstoele gefinansier wat aan die Sonop-ouetehuis in Brits geskenk is.

Omdat dit belangrik is om te verseker dat die korrekte rolstoel aangekoop word vir wanneer die persoon in 'n sittende posisie is, het die PSPC onlangs 'n werkverhouding met die QuadPara-vereniging van Suid-Afrika (Qasa) gevorm.

Sowat 600 vrywilligers van Qasa landswyd het nou hul kragte by PSPC gevoeg en help die raad met die beoordeling van die vereistes van 'n rolstoelontvanger deur seker te maak hulle kry die regte stoel vir hul behoeftes.

Die projek het 'n verdere hupstoot gekry van CE Mobility, 'n plaaslike rolstoelvervaardiger, wat verseker die rolstoele wat geskenk word, word in 'n goeie toestand gehou.

Nog twee groot korporatiewe ondernemings, Sasko en Goldpack, het verdere steun aan die projek verleen deur in te stem tot 'n vier-vir-een-ooreenkoms.

Dit behels dat elke maatskappy 'n rolstoel aan 'n behoeftige ontvanger skenk vir elke rolstoel wat deur middel van die knippieverkope aangeskaf word.

"Ons wil bewustheid bevorder dat polistireen suksesvol in Suid-Afrika herwin word en dat nuwe markte vir hierdie herwonne produkte geskep word en terselfdertyd iemand se lewe te verander deur 'n klein daad van liefdadigheid," sê Spangenberg.

■ Vir meer inligting oor die projek en hoe om betrokke te raak, besoek www.polystyrenepackaging.co.za.

Moenie die knippies waarmee broodsakkies toegebind word, weggooi nie. Dit kan herwin word en só 'n gestremde help.